SUNRIDGE VANDAG

CONJUNCTI CRESCIMUS

SUNRIDGE TODAY

25 May / Mei 2021

Geagte Ouers

## Kitsnuus

Terwyl ons in die wurggreep van die pandemie verkeer, is dit nie altyd moontlik om alle inligting en gepaardgaande uitdagings te kommunikeer nie. Ons smag almal na enige vorm van normaliteit terwyl ons wag op die instruksie/besluit van die Departement van Onderwys aangaande 'n volledige terugkeer en hoe buitemuurse aktiwiteite bestuur moet word. Dan is dit ook 'n realiteit dat kinders jonger as 13 positief toets en met die simptome worstel.

Ná konsultasie met die Departement van Onderwys en Gesondheid moes ons vandag een klas huis toe stuur nadat 'n leerling op Maandag 24 Mei 2021 positief getoets het. Veiligheidshalwe word boeties en sussies ingesluit en daar word van almal verwag om te isoleer. Indien hulle geen simptome ervaar nie, mag hulle op Maandag 31 Mei 2021 terugkeer skool toe.

Neem asseblief kennis dat die korrekte optrede is om die skool in kennis te stel van boeties en sussies wat isoleer (indien van toepassing). Stel ons asseblief in kennis indien enigiemand in aanraking was met positiewe gevalle of getoets word – dit is belangrik sodat ons proaktief kan optree. Indien 'n familielid getoets word, rig ons 'n vriendelike versoek dat leerlinge/ boeties en sussies tuis gehou word tot tyd en wyl die uitslag bekend is.

Saamstaan is die wagwoord, want ons het bevestiging ontvang dat die getalle besig is om toe te neem. Kom ons besin weer oor ons veiligheid en tree verantwoordelik op. Talle kinders en hul ouers is kwesbaar en ons besluite en optrede het 'n besliste invloed op hul veiligheid.

"Life's blows cannot break a person whose spirit is warmed at the fire of enthusiasm." Norman Peale

**Sonskyngroete**
**M DE VRIES**
**Skoolhoof**

Dear Parents

## Snap News

It is not always possible to communicate all information and relevant challenges while dealing with the pandemic. We are all looking for any form of normality as we await the instruction/decision of the Department of Education on the full return to school and how we can accommodate different extra mural activities. We are also confronted with the reality that children under the age of 13 are testing positive and that they are really battling with symptoms.

After consultation with the Department of Education and Health we sent one class home today due to a learner testing positive on Monday, 24 May 2021. To be safe we included siblings and they are all required to isolate. If they have no symptoms they can return to school on Monday, 31 May 2021.

Kindly note that to inform schools of siblings who are in isolation (if applicable) is the right thing to do. Please inform us about contact with positive cases or when going for a test, this is important to support us to act proactively. Should a family member go for a test we kindly ask that leaners/siblings to be kept home until the result is known.

Working together is the only way to manage and it has been confirmed that the numbers are rising. Let us get back into safe mode and act responsibly as many children and parents are vulnerable and that our decisions and actions definitely influence their safety."

"Life's blows cannot break a person whose spirit is warmed at the fire of enthusiasm." Norman Peale

**Sunshine greetings**
**M DE VRIES**
**Principal**

MasterCard VISA

Follow us on facebook